



Jesus Leef en ons met Hom

1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming *en* *verversings*.

Ysbreker

Watter sport het jy gedoen toe jy op skool was of watter sport doen jy tans?
Hoe werk die voorbereiding en oefening daarvoor?

2. Kontak met God

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Kom tot rus by die Here jou God. Dink in stilte aan Hom. Dink ook na oor die diepte van jou geloof in Hom. Praat in stilte met Hom daarvoor.

Lees **Psalm 80: 1-2, 8-19** terwyl die ander dit in hulle harte saambid.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan **die teksgedeelte**. Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

Gesels oor die volgende:

- ✓ Noem al die geloofsgetuies wat in die teks genoem word. Wat sou, na julle mening, die waarde daarvan vir ons as mede-Jesus-volgelinge wees om deur die "foto's" van persone in die geloofsgalery te blaai? Wat leer ons by hulle?
- ✓ Nie een van die mense wat genoem is, was perfek nie. Wanneer ons Hebreërs 11 lees is daar verhale van triomf en glorie, maar daar is terselfdertyd ook verhale van lyding, vernedering en mishandeling. Bespreek wat dit vir julle sê oor die geloofsreis agter Jesus aan.
- ✓ Geloof is 'n marathon, nie 'n naelloop nie. Soms is daar 'n uitsigloosheid in die geloofstryd, met weinig of geen indrukwekkende korttermynresultate om op te roem nie. Watter les is hierin opgesluit, veral as ons dink aan ons foute, sondes en worstelinge?
- ✓ Hou die oog gevestig op Jesus. Hoe doen ons dit? Wat is die resultaat daarvan? Wat beteken dit tydens swaarkry en lyding?
- ✓ As God mense (soos die geloofsgetuies) wat vol foute is kan gebruik, hoe beïnvloed dit die manier hoe ons na mense kyk?

4. Bedien mekaar:

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf. Dra die gebedsversoeke aan God op. Sluit af met gesamentlike gebed.

Vir die begeleier: Hebreërs 11 laat mens op 'n manier aan 'n foto-album dink. Om Hebreërs 11 te lees is soos om deur 'n foto-album te blaai en na die foto's van persone en gebeure te kyk wat 'n bepaalde invloed op jou lewe gehad het. Daar's foto's van ooms en tantes en grootouers, lank voordat jy op die toneel verskyn het; dan is daar die foto van jou waar jy op jou ma se skoot gesit het of saam met jou pa onder die sambreel; die eerste baba-foto's, skool- en gradeplegtigheidfoto's en troufoto's! Al die foto's maak herinneringe in jou wakker van mense wat in moeilike en goeie tye saam met jou was. Hebreërs 11 help ons kyk na die foto's in die galery van geloofshelde: die Israëliete droogvoets deur die Rooisee en wat die mure van Jerigo laat val het, Ragab wat die verkenners weggesteek het, Gideon, Simson, Dawid, Samuel, die foto's van hulle wat die triomf van hulle geloof ervaar het, maar ook van diegene wat in swakheid gespot, gemartel en doodgemaak is.

Vir ingeval almal nie Bybels bring nie. Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam. Dis ook altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.